MUNISIPALITEIT //KHARA HAIS

2014/ 2015

BEGROTINGSREDE

29 Mei 2013

Burgemeester se Begrotingsrede

Me. Limakatso Koloi

Speaker;

Hoofsweep van die Regerende Party;

Lede van die Uitvoerende Komitee;

Lede van die Raad;

Munisipale Bestuurder en Senior Bestuur;

Wykskomiteelede;

Lede van die publiek; en

Verteenwoordigers van die media.

Goeiemôre Dames en Here.

Inleiding

Ons in die Twintig jaar van Demokrasie en dit is belangrik dat ons terugkyk na die vordering wat die ANC beheerde regering gemaak het. In die Twintig Jaar van Demokrasie het ons ook baie vordering op plaaslike regeringsvlak gemaak.

" *Local government is at the coalface of the delivery of public services and the success or failure of municipalities in delivering services. It shapes public opinions about government, both at administrative and political level. More importantly, the success or failure of local government determines whether millions of poor and marginalised people live in decent conditions, have a dignified life, and are able to enjoy a happy and secure family life.*

How we lead and manage local government will decide whether we have economic development in our country generally and in the areas in which you operate. It will determine whether we create jobs for our people, whether we actually deliver infrastructure and maintain that infrastructure and provide the basic services that are needed by both residents and businesses. So, when we speak of a capable state and a developmental state, what we mean is, first and foremost, a capable local government. "

Artikel 153 van die Grondwet bepaal dat: "*'n Munisipaliteit moet sy administrasie en sy begrotings en beplanningsprosesse so struktureer en bestuur dat voorrang verleen word aan die basiese behoeftes van die gemeenskap, en dat die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap bevorder word.*"

Met die begroting het ons juis gestrewe om dit te vermag met die bronne tot ons beskikking. Die begroting spreek, deur die gesamentlike wil van die munisipaliteit, die uitdagings van werkskepping, armoede verligting, oprigting van infrastruktuur en die verbetering van die ekonomie aan. Die begroting stel die raamwerk vir die implementering van die GOP en is die begroting haalbaar en volhoubaar. Dit erken die strewe om ons gemeenskappe uit te bou, die behoud van ons areas en die verbetering van die kwaliteit van lewe binne die area van die Munisipaliteit van //Khara Hais. Die meerjarige

begroting het ten doel om groei te kan stimuleer en sluit dit ons gemeenskap by die groei in.

Agbare Speaker, dit is met plesier dat ek die Begrotingsrede en die Mediumtermyn Inkomste en Uitgawe Raamwerk vir die 2014/2015 tot 2016/2017 tydperk – *in leke terme die kapitaal en operasionele begroting vir die volgende drie jaar* – aan u voorhou.

Munisipaliteit //Khara Hais was geensins immuun teen die harde ekonomiese werklikhede wat gepaardgaan met ‘n resessie nie. Van die gevolge was ernstige kontantvloei problem wat deur die munisipaliteit ervaar was. Die redes hiervoor was onder andere die vermindering van kontant gefundeerde reserwes, die nie-betaling van regeringskuld (verbruikers van dienste), die lewering van ongefundeerde mandate en ‘n algemene wil om die besigheid meer effektief te bedryf.

Die Bestuur binne plaaslike bestuur speel ‘n belangrike rol in die verstewiging van die band tussen die inwoner en die regering se prioriteite en spanderingsplanne. Die doel is om dienslewering te verbeter om sodoende die leefwyse van alle mense binne die //Khara Hais regsgebied te verbeter. Begrotings is hoofsaaklik geskoei op die keuses wat die munisipaliteit moet maak tussen prioriteite, beskikbare finansiële bronne en fiskale werklikhede. Die uitdaging is om meer met die beskikbare en skaars finansiële bronne te vermag. Die fokus moet wees op die effektiewe lewering van kern munisipale dienste deur doeltreffende en effektiewe dienslewerings meganismes toe te pas.

Ons, as leiers, het die vermoë om besluite te neem en moes noodgedwonge besluite neem oor die aanwending van ons skaars hulpbronne. Almal kan nie

tevrede gestel word nie en almal sal nie noodwendig met die besluite saamstem nie.

In die lig van die bestaande ekonomiese klimaat, was dit ‘n onbenydenswaardige taak om die begroting saam te stel. Nieteenstaande hierdie faktore, is die begroting saamgestel met die oog op koste-effektiwiteit, die vermeerdering van inkomste en daarteen koste besparingsmaatreëls.

Ons sal nie die rug draai op ons uitdagings nie. Ons sal die uitdagings heldhaftig en met hoop tegemoet gaan. Deur die aanwending van al ons beskikbare hulpbronne, sal ons meer vermag met minder. Ons moet meer doeltreffend en nie noodwendig harder werk nie.

Ons moet die foute van die verlede erken en moet korrektiewe optredes in plek stel om ‘n gesonde finansiële basis vir die toekoms te skep. Ek is daarvan oortuig dat die //Khara Hais Munisipaliteit ferm oppad is om ons strewes te bereik. Ons het binne ‘n kort tydperk meer stabiel geraak en dit kan net lei tot ‘n gesonde finansiële posisie. Ek moet erken dat daar ‘n verslapping in die invordering van die Raad se uitstaande skulde was, maar die Finansiële Afdeling werk tans hard daaraan om dit reg te stel.

Meer klem is geplaas op brood en botter uitdagings en maniere om dit behoorlik aan te spreek. Die behoeftes en wense van die hulpbehoewendes en werkloses en die skep van infrastruktuur het prioriteit gebly tydens die saamstel van die Begroting. Ons strewe met die begroting is om die kostes wat die munisipaliteit aangaan te verhaal en om basiese dienste aan persone in die informele nedersettings te lewer.

Die Begroting is aan die hand van riglyne van Nasionale Tesourie se omsendskrywes asook die Munsipale Begroting en Verslagdoening Regulasies en met inagneming van die skaars hulpbronne saamgestel. Artikel 152(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal dat "*'n Munisipaliteit moet daarna streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë die oogmerke in subartikel (1) uiteengesit, te verwesenlik.*"

//Khara Hais het 'n gekwalifiseerde ouditmening met ander aangeleenthede vir die 2012/2013 finansiële jaar ontvang. Dit is ons strewe om aan die nasionale oproep tot skoon oudits teen 2014 te voldoen. Dit is ons doelwit om dit teen die einde van die 2013/2014 boekjaar weer 'n ongekwalifiseerde ouditmening, met of sonder ander aangeleenthede te bereik.

Medium Termyn Inkomste Framework Begroting vir 2014/2015 tot 2016/2017

Agbare Speaker, ons het onderneem om uitvoering aan die riglyne vir die hervorming van ons Begroting te gee en om dienslewering te versnel deur ons kapitaalprojekte te voltooi sodat ons gemeenskap dienslewering kan sien en ervaar.

In die 2014/2015 finansiële jaar, wat 'n aanvang neem op 1 Julie, sal ons dadelik begin met die implementering van kapitaalprojekte, ten einde te verseker dat die begroting op 'n ekonomiese, effektiewe en doeltreffende wyse spandeer word. Dit word gedoen sodat infrastruktuurontwikkeling kan plaasvind en effektiewe dienslewering verseker kan word. Vordering sal maandeliks gemonitor word, ten einde te verseker dat daar die minimum

oorrol kapitaalprojekte in die toekoms sal wees. Ons doen ons gemeenskap geen gunste deur ons kapitaalprojekte nie te implementeer nie.

Begroting Konsultering

Die deelname proses van die gemeenskap aan die begrotingsproses gedurende April 2014 was insiggewend aangesien dit duidelik aangetoon het dat die gemeenskap begrip het vir die munisipale uitdagings en prestasies. Gedurende die vergaderings het die gemeenskap hul dank en waardering uitgespreek vir ons pogings om hulle ingelig te hou en deel te maak van deelnemende regering (wat ‘n wetlike vereiste in terme van Hoofstuk 4 van die Munisipale Stelselswet is).

Ons fokus in die begroting is onder andere geskoei op die ontwikkeling en instandhouding van paaie en stormwaterdreinering, die voorsiening van drinkwater, afvalbestuur, sanitasiebestuur, parke, beskikbaarstelling van grond en behuising vir armes, werkskepping en armoedeverligting en landelike ontwikkeling.

Begrotingsoorsig

Agbare Speaker, ons kapitaalbegrotingspandering spreek die visie van die munisipaliteit aan en staan op ‘n totaal van R43.7 miljoen, insluitende addisionele versoeke wat gedurende die publieke deelname proses ontvang is. Die operasionele begroting se uitgawes beloop R616.16 miljoen en die totale begrote uitgawes beloop (kapitaal en operasioneel) R659.86 miljoen vir

die 2014/2015 finansiële jaar. Die bedrag sal vermeerder tot R677.85 miljoen en R736.95 miljoen, respektiewelik, vir die laaste twee jaar van die Mediumtermyn Inkomste en Uitgawes Raamwerk.

Kapitaalbegroting Uitgawes

Die voorgestelde kapitaalbegroting vir 2014/2015 toon 'n afname van R131.5 miljoen tot R43.7, wanneer dit met die finale aangepaste kapitaalbegroting van 2013/2014 vergelyk word. Die kapitaalbegroting vir 2015/2016 en 2016/2017 sal verder afneem tot R29.3 miljoen en weer styg tot R51.4 miljoen vir die 2016/2017 boekjaar.

Die voorgestelde 2014/2015 kapitaalbegrotings toewysings word in Tabel 1 hieronder aangedui.



Figure 1: Capital Budget Expenditure Distribution

Handelsdienste en Infrastruktuur sal 'n bedrag van R33.2 miljoen ontvang, 75.97% van die totale kapitaalbegroting. Dit sluit in toekennings tot elektriese

infrastruktuur (R5.4 miljoen), rioolinfrastruktuur (R5.8 miljoen) en water infrastruktuur (R15.2 miljoen).

Dit is belangrik om te let dat behuising vir hulpbehoewendes kan nie as ‘n bate van die munisipaliteit geklassifiseer word nie en vorm dus nie deel van die kapitaalbegroting nie. Toekennings vanaf Nasionale Tesourie vir behuising word dus in die operasionele begroting voor begroot.

Ekonomiese- en Omgewingsgesondheidsdienste ontvang R9.4 miljoen of 21.5% van die die kapitaalbegroting. Die aanwending is vir Pad-en-Vervoer infrastruktuur sowel as Parke en Sport stadions.

Die volgende is sommige van die meer pertinente kapitaal projekte wat oor die mediumtermyn aangepak sal word:

- Padkruising oor treinspoor tussen Paballelo en Rosedale – R53 miljoen;
- Vergroting van Louisvaleweg Rioolwerke – R5.7 miljoen;
- Ontwikkeling van nuwe parke (Rosedale, Bellvue, Progress, Paballelo, Morning Glory, Raaswater, Karos, Kalksloot, Ntsikelelo, Leerkrantz, Kameelmond, Leseding, Louisvaleweg, Jurgenskamp, Milleniumpark, Stasiekamp en Rondomskrik) – R4.7miljoen;
- Ontwikkeling van nuwe sportgronde (Louisvale, Ntsikelelo en Lambrechtsdrift) – R4.7miljoen;
- Elektrisiteit aansluitings vir nuwe ontwikkelings (200 aansluitings in Rosedale Noord, 89 aansluitings in Louisvaleweg (Rondomskrik) – R35.3 miljoen
- Abraham “*Holbors*” September Watersuiweringswerke – 13.7 miljoen.

Kapitaalbegroting Befondsing

Ons kapitaalbegroting word hoofsaaklik befonds uit die bronne soos aangedui in Tabel 2 hieronder.



Figure 2: Capital Budget Funding Sources

Interne gegenereerde fondse beloop R1.0 miljoen of 2.6% van die totale kapitaalbegroting is een van die eerste bron van befondsing. Die munisipaliteit is tans besig met poging om uitstaande skuld te vorder en om sodoende die befondsing van kapitaal projekte uit eie fondse te optimaliseer en sodoende te verseker dat kontant gerugsteunde operasionele surplusse aangewend kan word vir kapitaalinvestering uit eie bronne.

Tweedens, regeringstoelaes beloop R17.78 miljoen of 45.66% van die totale kapitaalbegroting, waarvan die "*Municipal Infrastructure Grant*" (R22.3 miljoen) een van die hoofbronne van regeringstoelaes vir die 2014/2015 is vir die befondsing van kapitaalinfrastruktuur is. Die "*MIG*" toelae word hoofsaaklik aangewend om agterstande ten opsigte van infrastruktuur aan te spreek.

Laastens, eksterne lenings beloop R20.17 miljoen of 51.78% van die totale kapitaalbegroting. Dit toon aan dat die munisipaliteit swaar leun op eksterne lenings om kapitaalprojekte te financier. Eksterne lenings sal in die toekoms beperk moet word, om te verseker dat die munisipaliteit nie met lenings oorbelas word nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die Munisipale Finansiële Bestuurswet dit duidelik maak dat lenings slegs aangegaan kan word vir investering in kapitaalprojekte. As gevolg van die uitputting van ons reserwes (wat nie meer ten volle kontant gerugsteun is nie) het ons geen keuse as om fondse te leen op die ope mark ten einde te investeer in kapitaal uitgawes vir basiese dienslewering. Ons sal ons leningslimiet beperk tot die algemeen aanvaarde norm van 40% van die totale bedryfsinkomste – die limiet wat deur bankinstellings gebruik word om die risiko verbonde aan honerings en rente betalings te bepaal.

Bedryfsbegroting Uitgawes

Die voorgestelde bedryfsbegroting se uitgawes vir 2014/2015 verhoog met 6.5% tot R616.2 miljoen in teenstelling met die aangepaste bedryfsbegroting vir 2013/2014 van R578.6 miljoen. Die bedryfsbegroting se uitgawes vir 2015/2016 en 2016/2017 finasiële jare verhoog met 5.3% en 5.7% onderskeidelik.

Die grootste bydraers tot die bedryfsbegroting se uitgawes vir 2014/2015 word in Tabel 3 hieronder aangetoon.

Grootmaat water- en elektrisiteit aankope beloop R150.2 miljoen of 24.4% van die totale bedryfsbegroting se uitgawes. Ons het geen beheer oor die styging in die tariewe nie en moet gevolglik die verhoging in grootmaat

elektrisiteit aankope van 8.06% van Eskom, wat deur die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder (NERSA) aangekondig is, deurgee.

Werknemer verwante kostes beloop R211.8 miljoen of 34.4% van die totale bedryfsuitgawes. Ons het min beheer oor die uitgawes aangesien die "*South African Local Government Bargaining Council*" bepaal deur middel van kollektiewe onderhandelinge met die werknemerorganisasies en die werkgewer die lewenskoste aanpassings vir die volgende jaar/jare. Daar is begroot vir 'n lewenskoste aanpassing van 6.79%. Dit sluit nie enige kerfverhoging in wat tot soveel as 2.5% kan beloop, asook die vulling van kritieke vakante poste nie.

Grootmaat aankope (24.4%) en werknemerverwante kostes (34.4%) maak ongeveer 58.8% van ons totale bedryfsbegroting se uitgawes uit en is die hoofbydraers tot die styging van 6.5% wat hoër as die inflasiekoers is.
Algemene uitgawes beloop R77.0 miljoen of 12.5% van die totale bedryfsbegroting se uitgawes; waardevermindering en vervanging van bates beloop R110.7 miljoen of 18.0% van die totale bedryfsuitgawes; herstelwerk en onderhoud beloop R17.2 miljoen of 2.8% van die totale bedryfsuitgawes; finansieringskostes beloop R16.7 miljoen of 2.7% van die totale bedryfsuitgawes; oninbare skuld beloop R1 miljoen of 0.2% van die totale bedryfsuitgawes en die vergoeding van raadslede (1.3%), gekontrakteerde dienste (2.4%), en, oorplasings en toelaes (4.1%) beloop die res van die bedryfsuitgawes.

Bedryfsbegroting Inkomste

Die voorgestelde bedryfsbegroting se inkomste verhoog met 7.7% tot R497.2 miljoen in teenstelling met die 2013/2014 aangepaste bedryfsbegroting van R461.6 miljoen. Ons bedryfsinkomstes vir die 2015/2016 en 2016/20167

boekjare verhoog met 4.6% en 6.4% onderskeidelik tot R520.3 miljoen en R553.3 miljoen. Die bedryfsinkomstes sluit alle kapitaaltoelaes wat ontvang word, om kapitaalprojekte mee te finansier, uit.

Die verhoging in bedryfsinkomstes vir die 2014/2015 Medium Termyn Inkomste en Uitgawe Raamwerk kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die verhoging in tariewe. Die items wat hoofsaaklik bygedra het tot beraamde 2014/2015 bedryfsbegroting word in Tabel 4 hieronder aangedui.

Elektrisiteit verkope ten bedrae van R221.8 miljoen of 44.6% van die totale bedryfsbegroting se inkomste is die hoofbron van inkomste en wys dat die munisipaliteit baie afhanklik is op die inkomstebron. Dit word gevolg deur begrote operasionele regeringstoelaes ten bedrae van R64.6 miljoen of 13.0% van die totale begrote inkomste en eiendomsbelasting wat ‘n inkomste van R65.4 miljoen of 13.2% van die totale inkomste van die bedryfsbegroting se inkomste genereer. Aangesien //Khara Hais slegs 13.0% van sy totale bedryfsbegroting se inkomste deur middel van regeringstoelaes ontvang dui dit daarop dat die munisipaliteit nie afhanklik daarvan is om finansiële lewensvatbare instelling te wees nie. Hierdie toekennings sluit die Raad se “Equitable Share” gedeelte in wat gebruik word om dienste te subsidieer wat verskaf word aan hulpbehoewende gesinne.

Inkomstes uit waterverkope, sanitasie en vullisverwydering beloop onderskeidelik beloop onderskeidelik 9.5%, 5.4% en 5.4% van die totale bedryfsbegroting.

Tarief Verhogings

Agbare Speaker, soos voorheen aangedui, die grootmaat elektrisiteit vanaf Eskom en die werknemerskoste – waaroor die Raad geen beheer het nie –

styg normaalweg met meer as die inflasiekoers. Hierdie verhogings word aan die verbruiker deurgegee deur middel van die hef van tariewe en eiendomsbelastings. Nasionale Tesourie het in Omsendskrywe 70 en 72, gedateer 04 Desember 2013 en 17 Maart 2014, aangedui dat die verwagte inflasiekoers (verbruikersprysindeks) vir 2013/2014 en vir 2014/2015 5.6% en 5.4 % sal wees. Gebaseer op die inligting moet die volgende tariefverhogings implementeer word ten einde ‘n gebalanseerde en kontant gerugsteunde begroting te verseker.

Eiendomsbelasting se tariewe verhoog met ongeveerd 8.0%; vullis met ongeveerd 10% en sanitasie tariewe met ongeveerd 7.0%; water se tariewe met ongeveerd 7.0%; elektrisiteitstariewe met gemiddeld 7.39% (hulpbehoewende verbruikers se tariewe verhoog met 7.39% en ander verbruikers met 7.39%) en ander tariewe met ongeveerd 10%.

Finansiële Ondersteuning aan Hulpbehoewendes

Agbare Speaker, //Khara Hais Munisipaliteit voorsien, as ‘n manier om armoede te verlig, gratis basiese dienste aan hulpbehoewende huiseienaars. Dit word gedoen om huishoudings wat sukkel om of glad nie dienste kan betaal nie te ondersteun. Dit sluit huishoudings onder ‘n sekere inkomste (twee maal die staatstoelae betaalbaar aan ‘n pensioenars); werkloses en ander penioenarisse in. Hierdie gebruikers moet aansoek doen om as ‘n hulpbehoewende huishouding geregistreer te word, ten einde hierdie voordeel te benut of om vir korting op hul basiese dienste of eiendomsbelasting te kwalifiseer.

Hulpbehoewende huishoudings se rekenings sal gedurende 2014/2015 met gratis elektrisiteit (50 elektrisiteitseenhede per maand), water (10 kiloliter per

maand), vullisverwydering en sanitasie gekrediteer word. Die waarde van die totale pakket wat gedurende die 2014/2015 finansiële jaar aan hulpbehoewende huishoudings beskikbaar gestel sal word, beloop R317.84 per maand, wat maandeliks teen die gebruikers se rekening krediteer word.

Vir die 2014/2015 is die kwalifiserende kriteria om as hulpbehoewende huishouding geregistreer te word, huishoudings wat minder as R2 740.00 per maand ontvang.

Afsluiting

Agbare Speaker, die voorgestelde begroting van die Munisipaliteit is gebaseer op ekonomiese groei, strategiese doelwitte en die sosio-ekonomiese behoeftes van die inwoners van //Khara Hais. Die Munisipaliteit se strategiese doelwitte is in lyn gebring met nasionale en provinsiale prioriteite soos vervat in die nasionale doelwitte en twaalf provinsiale strategiese doelwitte. Die begroting is gebaseer op beskikbare inligting en die projekteerde kontantvloei is realisties en lewensvatbaar oor die Medium Termyn Inkomste en Uitgawe Raamwerk.

Ter afsluiting, Agbare Speaker, wil ek graag my dank uitspreek teenoor die lede van die Uitvoerende Komitee en alle ander Raadslede wat lang ure en baie vergaderings, partykeer op baie kort kennisgewing, bygewoon het om die begroting saam te stel. Ek wil ook die Munisipale Bestuurder, Senior Bestuur en alle amptenare bedank, insluitende my ondersteuningspan, wat lang ure in openbare vergaderings gewerk, het om die begroting saam te stel.

Ek wil ook die families van raadslede en amptenare, wat in die begrotingsproses betrokke was en laat ure en oor naweke gewerk het,

bedank dat hulle die betrokkenes verskoon het vanaf die huis en dat hul nie hul rolle as moeders en vaders van hul families kan verrig het nie.

Agbare Speaker, hiermee wil ek die 2014/2015 //Khara Hais begroting en die 2014/2015 tot 2016/2017 Medium Termyn Inkomste en Uitgawe Raamwerk, met sy begrotings aanbevelings, aan die Raad voorlê vir oorweging en goedkeuring.

Ek dank u

ME. LIMAKATSO KOLOI
BURGEMEESTER
MUNISIPALITEIT //KHARA HAIS